VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

20 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #3B

Geliefde Gemeente,

Die erns van die huidige situasie vereis om aangespreek te word – dit sluit in alle situasies waarin ons onsself mag bevind – veral wanneer dit ons produktiwiteit en effektiwiteit raak; of die invloedsfeer waarin ons funksioneer ondermynend beïnvloed. Die werklikheid van die geesteswêreld, asook die bestaan van die Koninkryk van duisternis, bring mee dat ons dit nie sal ignoreer, en dat ons dit ooreenkomstig die Woord van God, sal hanteer.

Daar is definitiewe Skrif-verwysings, wat bepalend is en waaraan ons aandag moet skenk.

- ***Luk. 10:18*** Christus sê: *"Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val."*
- ***1 Pet. 5:8*** verklaar *"die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind."*
- ***1 Joh. 3: 10*** *"kinders van God...en kinders van die duiwel."*
- ***Matt. 13:38,39*** *"die vyand wat die kinders van die bose gesaai het is die duiwel."*
- ***1 Tim. 3:7*** om nie *"in die strik van die duiwel te val nie."*
- ***Ef. 4:27*** *"en gee aan die duiwel geen plek nie."*
- ***1 Kor. 10:21*** *"Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie."*
- ***Joh. 10:10*** *"Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes."*
- ***Ef. 6:11*** bepaal *"sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel."*
- ***1 Joh. 3:8*** *"om die werke van die duiwel te verbreek."*
- ***Jak. 4:7*** bepaal *"weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."*
- ***2 Kor. 10:3,6*** *"Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is."*
- ***Matt. 18:18,19*** *"Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. Weer sê Ek vir julle: As twee van julle* ***saamstem*** *op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is."*
- ***Open. 12:11*** *"En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie."*

Bogenoemde Skrifte, verdien ons onverdeelde aandag.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Ek wil twee vernaamste aspekte in hierdie brief uitlig, en môre op die oplossing fokus:

- **HY SOEK OM TE VERSLIND**:

  Elke individu, met die Naam van Jesus op sy lippe en die Gees van Christus in sy binneste, wie nie sy verhouding met Christus handhaaf nie, is 'n "voëlvryverklaarde". Jesus noem in ***Joh. 15:4 "Bly in My" en Joh. 15:5 "want sonder My kan julle niks doen nie."*** Die belangrikste is: Is jy lief vir Jesus? Is jy waarlik lief vir Jesus? Is jy waaragtig lief vir Jesus? Neem asseblief kennis van die volgende Skrif: ***1 Kor. 16:22*** *"As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees!"* Éfese het hul eerste liefde verlaat – ***Open. 2:4***. Jou liefde vir Christus; jou oorgawe aan Christus; jou verhouding in Christus en "tot God" is jou behoud. Satan sal planne teen jou smee...strikke vir jou stel...maar die wisselwerking tussen jou en Christus sal veroorsaak, dat jy nie in sy strikke val nie – ***Spr. 3:25,26*** *"Jy hoef nie bang te wees vir 'n skielike skrik of vir die ondergang van die goddelose as dit kom nie; want die HERE sal jou vertroue wees, en Hy sal jou voet bewaar vir die strik"*. Te waak en te bid – ***Luk. 21:36*** *"Waak dan en bid altyddeur"*. Ken God in al jou weë; raadpleeg die Here; waak teen enige vorm van verwaandheid – ***1 Tim. 3:6*** *"Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie."* Dus: **handhaaf jou verhouding in Christus!**

- **GEE HOM GEEN PLEK NIE**:

  Ons moet leer **om stil te bly**.

  My liriek van my nuutste lied is hier van toepassing:

  *Leer om te bid;*
  *Leer om te vra;*
  *Leer om te glo;*
  *LEER OM TE GEE.*

  Wanneer gee ek vir Satan plek? Wanneer ek in 'n rusie nie kan stilbly nie. Wanneer ek in my eie krag stry. Wanneer ek nie op Christus vertrou nie. Wanneer ek nie God se tiende betaal nie. Wanneer ek nie in lig wandel nie. Daar was 'n profetiese woord in Scottburgh aangaande **kommunikasie**, en God het vir ons gesê: **"Dit is 'n baie belangrike sleutel om die deur voor jou oop te sluit."** Die feit dat ek nie kan, of wil kommunikeer nie: gee plek vir verkeerde afleidings; vleeslike besluitneming; wanpersepsies en verkeerde gevolgtrekkings. Dit spreek van verwaandheid – ***1 Tim. 3:6***.

  Ons moet leer om in blydskap te wandel – ***Neh. 8:11*** *"Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE; dit is julle beskutting."*

Seënbede,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335